### *Die seën van die vrye wil*

**29** "Daarom is dit weliswaar goed en tereg om sondaars te bestraf as hulle te veel afwyk van die orde wat Elohim Self ingestel het ten behoewe van `n vasstaande voleinding, wat in so kort moontlike tyd sal kan plaasvind; maar niemand moet met ysere dwang afgehou word van die moontlikheid tot sonde nie. Want voorwaar, Ek sê vir jou: Één sondaar, wat uit homself boete doen, is vir My beter as nege-en-negentig wat volgens die wet regverdig is en die boetedoening nooit nodig gehad het nie; die een is `n volledige mens, die ander is maar die helfte!

[2] Daarmee wil Ek natuurlik nie sê dat Ek `n sondaar liewer het as `n regverdige nie, as die sondaar byvoorbeeld altyd `n sondaar bly - want om in die sonde te volhard beteken: ook `n dier word, wat slegs nog vanweë `n verkeerde instinkmatige motivering `n morsige bestaan lei -; maar hier is daar sprake van `n sondaar wat uit homself erken dat hy ten onregte teen die voorskrifte gehandel het, en hom op die basis van die gekonstateerde orde van Elohim `n nuwe doel gestel het en `n mens geword het wat alle lewenslesse geleer het.

[3] So `n gees sal eenmaal in My ryk tot onnoemlike groter dinge in staat wees as een wat altyd uit slaafse vrees nooit `n haarbreedte van die wet afgewyk het en hom deur so `n deur vrees ingegewe, gedwonge inagneming van die wet, laat afsak het tot die toestand van `n willose masjien en sy lewe liggaamlik en geestelik daarvolgens ingestel het.

[4] Neem `n klip en gooi hom omhoog! Al gou sal hy volgens die wette, wat beide vir hom en die hele aarde geld, so vinnig as moontlik na die aarde terugval. Moet jy die klip dan prys omdat hy hom so presies volgens die wet gedra het? Jy kan op aarde weliswaar al die moontlike doen met `n klip, maar sodra jy die klip in die vrye ruimte bring buite alle invloede, sal hy uit homself nooit sy doodse rus verlaat nie!

[5] Daarom moet jy ook geen mense deur dwingende wette tot klippe maak nie, maar jy moet hulle slegs vorm as hulle vry is - dan het jy volgens die hele goddelike ordening gehandel.

[6] Kyk, as die maghebbers op aarde, enkeles uitgesonder, nie so traag was nie, dan sou hulle met `n klein bietjie opmerksaamheid ontdek het dat die mens, sodra hy enige graad van ontwikkeling bereik het, nooit meer tevrede is met dierlike eenvormigheid nie. Hy bou nie meer vir hom `n hut as woning uit rys, strooi en gebreide leem nie, maar hy neem klippe en maak leem bakstene, bou daarmee `n sterk huis met ringmure en bou sterk torings daarby waarop hy vanaf die borswering in die verre omtrek kan sien of `n vyand sy huis nader!

[7] En op dié manier bou duisend beskaafde mense sonder twyfel duisend huise wat almal verskillend is - in vorm sowel as in inhoud. As jy daarenteen die neste van die voëls en die lêplekke van die diere bekyk, sal jy daar nêrens verskille ontdek nie! Kyk na die neste van die swaeltjies, van die muis, kyk na die web van die spinnekop, die sel van die by en duisend ander van diere afkomstige produkte en maaksels en jy sal nooit `n verbetering en ook nooit `n verslegting daaraan ontdek nie. Kyk egter na die maaksels van die mens: wat in `n byna oneindige variasie te vind is! En tog is dit steeds dieselfde mens wat dit dikwels met baie moeite tot stand gebring het!

[8] Daaruit blyk dit tog heel duidelik dat Elohim, wat deur Hom aan die mens `n gelyke gees gegee het, die mense helaas nie geskape het om diere te word nie, maar om volledig vry aan Elohim gelyk te word."

### *Samehang tussen straf en opvoeding*

**30** Sou `n mens sonder onderskeid van geslag, velkleur en aardse belangrikheid, deur Elohim geskape wees vir hierdie allerhoogste roeping - wat jy nou wel volkome duidelik sal sien - kan sy geestelike nooit gedwing word tot iets anders waarvoor Elohim hom bestem het nie. Elke voorskrif moet sonder dwang wees en slegs vir die aanwysbare kwaadwillige teenstanders van die vrye voorskrif moet daar `n deugdelike, altyd op die vrywillige verbetering van die mens gerigte straf gegee word. Hierdie straf moet egter altyd so wees dat dit nie as `n willekeurige nie, maar as `n noodsaaklike gevolg van die nie-opgevolgde ordevoorskrif ondervind word. Dan sal die menslike gees daardeur begin om selfstandig te dink, en die gegewe voorskrif gou-gou tot sy eie maak en daarvolgens handel. Die willekeurige vasgestelde straf vir `n vergryp sal die menslike gemoed altyd verhard en verbitter en van die mens `n duiwel maak, wat weens wraaklus nie uitgedoof sal word totdat hy hom, hetsy nog in hierdie, maar heel seker in die ander wêreld op die ergste manier sal wreek nie - wat hom toegestaan moet word, omdat hy andersins in die hel van sy eie hart tot in die ewigheid nie sou kon verbeter nie!

[2] Die wetgewer en uitvoerder van die straf moet nooit vergeet dat die gees van die mens, hetsy goed of kwaad, nie gedood kan word nie, maar bly lewe! Solank hy nog sigbaar op die aarde rondwandel kan

jy jou nog teen hom verweer en hom verjaag as hy jou agtervolg. Maar as hy eenmaal uit die liggaam is, kan hy jou op duisend maniere benader om jou op enige oomblik kwaad aan te doen, sonder dat jy hom kan sien of waarneem - vertel dan eers met watter wapens jy hom dan te lyf sal gaan?

[3] Neem maar van My aan dat die groot onheil wat jou totaal sou vermorsel het as Ek jou nie gehelp het nie, slegs maar te wyte is aan die geeste wat deur jou dikwels te streng handhawing van die Romeinse staatswette, onversoenlike vyande van jou geword het! Neem daarom hierdie uitgebreide les van My goed ter harte, dan sal jy daardeur self `n bekwame werker in Elohim se wingerd word, want dit ontbreek jou nóg aan mag, nóg aan middele of aan `n standvastige goeie wil. Wat jy ontbreek het, het jy nou van My gekry. Pas dit getrou toe, dan sal seënryke vrugte jou werk sekerlik bekroon!"

[4] **Cyrenius** sê, diep ontroerd deur die praktiese wysheid van die les wat Ek hom gegee het: "O gewyde, eerste en grootste Vriend, Meester en Elohim van my hart! Nou is dit eers vir my heeltemal duidelik, en ek herinner my tans duisend en nogmaals duisende ervaringe uit my lewe. Ek besef nou pas dat ek self, ondanks my eerlike en goeie wil, baie meer en erger teen die orde van Elohim gesondig het as almal, wat ek helaas volgens die skerpte van die wet, laat teregstel het. Wie sal nou my groot sonde by U, Meester, ooit kan goedmaak?"

[5] **Ek** sê: "Vriend, moenie daaroor bedruk wees nie! By Elohim is niks onmoontlik nie, en Ek het vir jou alles lankal goedgemaak - anders sou jy nie by My gewees het nie!"